kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Lied 284

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
waar haat is, laat ek daar u liefde bring.
Laat ek in pyn en smart vertroostend wees
en krag gee deur geloof in U, o Heer.

Refrein (slegs na strofes 1 en 2)
O Heer, help my om altyd so te leef –
om ander hoër as myself te ag,
ja, om lief te hê – ander bo myself –
en ook eerder te gee as te verwag.

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
en laat ek hoop gee waar daar twyfel is.
Ek wil u lig in duisternis laat skyn.
Laat ware vreugde altyd uit my straal.

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
leer my om ook soos U te kan vergeef.
Maak my bereid om aan myself te sterf,
dat ander U al meer in my kan sien.

Woorddiens

Tema: Bewys jouself

Skriflesing: Lukas 4:14-32

Broodjies vir die pad

"It's easy to say that you believe in Jesus. But the proof that you really believe is that you entrust your life to him and depend on him to satisfy you and take care of you. Many people think that believing in Jesus is simply agreeing with a list of facts about who Jesus is and what he did on the cross. But that is just the beginning. Belief also involves accepting the truth about Jesus for yourself, then entrusting your whole self to Christ."
— Anonymous

Om jou vir laas te groet in 'n skemerige kerk

Dana Snyman

Ons het jou toe Donderdagoggend vir laas gegroet, JP. In die NG kerk in Bellville-Wes. Ek wil nie méér hartseer en geskok oor jou dood as ander mense probeer klink nie. Ek was nie veel van 'n vriend vir jou nie.

Ons het van tyd tot tyd oor die foon gesels, maar 'n ruk gelede het jy stil geraak. Ek het niks gedoen om uit te vind hoe dit met jou gaan nie. Te besig gewees. Kamma.

En toe koop ek die een oggend die koerant, en sien, en word koud: JP Nel, bekende taalman, bewusteloos in sy blyplek in Bellville gevind en na die hospitaal gebring. Hy is kort daarna dood. In die ouderdom van 55 jaar. Hy het aan erge depressie gely. Jy.

Ek is bly jou mense het vir jou 'n diens in 'n kerk gehou. Soveel van ons sê deesdae: "Ek wil nie uit 'n kerk begrawe word nie. Bespreek eerder 'n paar tafels in 'n restaurant. Drink wyn. Speel musiek. Vier my lewe."

Maar Donderdagoggend toe ons op daardie harde, regop banke sit, toe dink ek: Dit voel reg. Dit is dalk soos dit moet wees. Die skemerige kerkgebou. Die kanselkleed waarop staan: God is liefde. Mia, jou jongste dogter, wat vir ons Chopin op die klavier speel. Dr. Frederick Marais se genadige woorde. Blomme. Kerse.

Om iemand op 'n helder Donderdagoggend in 'n skemerige kerk vir laas te groet, laat jou nadink oor die skemerige plekke in jouself.

Dêmmit, JP, jy is te vroeg weg. Ek weet jy was vermoeid en belas. Ek weet jy was op soek na rus. Of eintlik weet ek nie wat ek weet nie. Wat kan een mens werklik van 'n ander se innerlike gestoei weet?

Jy sukkel met die lewe, het jy gesê. Ek dink ek verstaan iets daarvan. Ek sukkel ook soms met die lewe. Party van ons sukkel met die lewe. Ons verlang knaend na onbereikbare plekke en vra vrae waarop daar nie maklike antwoorde is nie. Hoekom is ons hier? Wie is ek? Wie is God?

Ons gee ons hart nie sommer vir enige pastoor, politikus of geestelike kulkunstenaar nie. Ons is Koos Doep se soekers wat nooit heeltemal vind nie. En die wêreld het nie altyd geduld daarmee nie. Al hoe meer mense wil hê jy moet dink soos hulle dink en glo wat hulle glo. Al hoe meer mense boelie jou met hul gewaande sekerhede. Hulle besef nie dat te veel sekerhede kan jou wreed maak nie.

'n Soeker se pad is dikwels 'n eensame, on-seker pad. Soos jy goed weet. Dat jy aan depressie gely het, maak nie die vrae wat jy gevra het ongeldig nie. Maar depressie kan ook 'n terminale siekte wees. Nes kanker.

Ek sal altyd die nag onthou toe ek en jy van Oudtshoorn af Victoriabaai toe gery het, 'n bottel wyn in die motor, om te gaan kyk hoe die son oor die see opkom.

Jammer ek was nie teen die einde daar vir jou nie. Jy was baie goed vir my en my stories. Dankie daarvoor, JP.

Ons wat agterbly, sal aanhou vrae vra en wonder oor hierdie misterie wat die lewe is.

https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/om-jou-vir-laas-te-groet-in-n-skemerige-kerk-20190118

"Reason is itself a matter of faith. It is an act of faith to assert that our thoughts have any relation to reality at all. If you are merely a sceptic, you must sooner or later ask yourself the question, "Why should anything go right; even observation and deduction? Why should not good logic be as misleading as bad logic? They are both movements in the brain of a bewildered ape?" The young sceptic says, "I have a right to think for myself." But the old sceptic, the complete sceptic,

says, “I have no right to think for myself. I have no right to think at all...Man, by a blind instinct, knew that if once things were wildly questioned, reason could be questioned first. The authority of priests to absolve, the authority of popes to define the authority, even of inquisitors to terrify: these were all only dark defences erected round one central authority, more undemonstrable, more supernatural than all—the authority of a man to think. We know now that this is so; we have no excuse for not knowing it. For we can hear scepticism crashing through the old ring of authorities, and at the same moment we can see reason swaying upon her throne. In so far as religion is gone, reason is going. For they are both of the same primary and authoritative kind. They are both methods of proof which p 60 cannot themselves be proved. And in the act of destroying the idea of Divine authority we have largely destroyed the idea of that human authority by which we do a long-division sum. With a long and sustained tug we have attempted to pull the mitre off pontifical man; and his head has come off with it.”
— G. K. Chesterton, Orthodoxy: The Original Classics - Illustrated

---

“Remembering that I'll be dead soon is the most important tool I've ever encountered to help me make the big choices in life.

Almost everything--all external expectations, all pride, all fear of embarrassment or failure--these things just fall away in the face of death, leaving only what is truly important.

Remembering that you are going to die is the best way I know to avoid the trap of thinking you have something to lose. You are already naked. There is no reason not to follow your heart.

No one wants to die. Even people who want to go to heaven don't want to die to get there. And yet, death is the destination we all share. No one has ever escaped it, and that is how it should be, because death is very likely the single best invention of life. It's life's change agent. It clears out the old to make way for the new.”

— Steve Jobs

“It did not really matter what we expected from life, but rather what life expected from us. We needed to stop asking about the meaning of life, and instead to think of ourselves as those who were being questioned by life—daily and hourly. Our answer must consist, not in talk and meditation, but in right action and in right conduct. Life ultimately means taking the responsibility to find the right answer to its problems and to fulfill the tasks which it constantly sets for each individual.”
— Viktor E. Frankl, Man's Search for Meaning

Brood vir die pad

Oorvloedigheid nie maklike logika om uit te leef

Die Franse filosoof Paul Ricoeur kontrasteer in sy artikel “Die logika van Jesus, die logika van God” (1979) wat hy onderskeidelik die logika van ekwivalensie en die logika van oorvloedigheid noem.

Die logika van ekwivalensie is die menslike logika wat ons goed ken: oortredings word regverdig gestraf; jy kry wat jou toekom; ’n oog vir ’n oog. Die wandaad en die straf, of die prestasie en die beloning, is dus ekwivalent. Maar Ricoeur wys ook op ’n ander logika – een wat hy op talle plekke in die Bybel vind, onder meer in Paulus se woorde in Romeine 5 oor die oorvloed van genade wat met die gawe van vryspraak in Christus saamhang.

“This other logic,” skryf Ricoeur, “is one of excess, of super abundance.” Volgens hierdie logika kry mense méér as wat hulle verwag of selfs verdien. Ricoeur erken dat die logika van ekwivalensie prysenswaardig is.

Ook in Suid-Afrika is ons goed bewus van die gevolge daarvan as daar nie regverdige regspraak is nie, as verdienste nie na behore ’n rol speel nie, as mense minder kry as die deel wat hulle toekom.

Maar Ricoeur vra egter ook aandag vir wat hy as “die logika van Jesus, die logika van God” beskryf. Ons kan inderdaad iets van hierdie logika van oorvloedigheid in die bediening van Jesus herken.

In die Johannes-evangelie, byvoorbeeld, lees ons hoe Jesus gedurende sy eerste openbare optrede water in goeie wyn verander wanneer die wyn by ’n bruilofsfees opraak. Só word mense se eer beskerm en word oorvloedige feestelikheid weer moontlik (Johannes 2:1-12).

Dié handeling is een van vele tekens in die Johannes-evangelie wat wys hoe Jesus die woorde van Johannes die Doper oor hom beliggaam: “Uit sy oorvloed het ons almal genade op genade ontvang” (Johannes 1:16). Soos een kommentator dit stel: Deur sy bediening wil Jesus mense oorvloedige genade laat sien, hoor, voel, ruik en proe.

Maar ons moet waarskynlik erken dat dit nie vir ons altyd maklik is om Jesus in die uitleef van hierdie logika van oorvloedigheid na te volg nie.

Ons sukkel bloot om mense te gee wat hulle toekom, wat nog daarvan om hulle meer te gee as wat hulle in ons oë verdien. Dalk is dít hoekom feestelikheid en vreugde dikwels in ons midde ontbreek.

Daarom noop die kritiek wat Søren Kierkegaard in die 19de eeu teen die burgerlike godsdienstigheid van sy dag uitgespreek het ons steeds tot selfondersoek: “Christus het water in wyn verander, maar die kerk het iets moeilikers reggekry: om wyn in water te verander.”– RRV

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/oorvloedigheid-nie-maklike-logika-om-uit-te-leef-20190118

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877